

Sing vooraf staande: Psalm 98:1 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader, en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 47:1, 4 (p. 240)

- 1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef,
sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!
- 4 Psalmsing tot Gods eer! Weet dat Hy regeer. / Hy het opgevaar, Koning is Hy daar
van die heidendom. Vorste en volke kom / om sy volk te wees, Abrams God te vrees.
Skild en teëweer is van U, o HEER! / Sing dan juublend bly! Hoog verhewe is Hy!

Gebed

Psalm 73:10 (p. 369)

- 10 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –
U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlikheid.

Skriflesing: Psalm 110

Teks: Psalm 110:1, 2; Katetegismus Sondag 19

**Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat ek U vyande
'n voetbank vir u voete gemaak het. U magtige septer sal die Here uitstrek uit
Sion en sê: Heers te midde van u vyande.** (Psalm 110:1, 2 AFR53)

Dawid sien profeties die verwagte Priester-Koning van Israel wat in Sion regeer.

- Hy sien veral die besondere deel van God se heerskappy waar die Messias saam met God in sy regering en eer opgeneem word.
- Hy sien hoe die Messias aan God se regterhand sy plek inneem en die wêreld bestuur.
- Verder sien hy hoe die wêreldgeskiedenis met die Messias se troonsbestyging 'n finale wending neem. Hy heers oor al sy vyande.

Intussen is Psalm 110 al vervul.

- Jesus Christus is gebore en in sy omwandelinge op die aarde het Hy geopenbaar dat Hy die beloofde Messias is.
- Hy het ook gesê dat Hy en die Vader een is, en dat Hy al sy vyande gaan vernietig.

Kom ons kyk na twee dinge rondom die hemelvaart van die Here Jesus en die betekenis daarvan vir ons:

1. **Wat beteken die hemelvaart van Jesus Christus vir ons?**
2. **Wat beteken: sit aan die regterhand van God die Vader?**

1. **Wat beteken die hemelvaart van die Here Jesus Christus vir ons?**

Soos die Here is, voorspel en belowe Hy nie net nie – Hy doen ook. Daarom beweeg die Here Jesus Christus uit hierdie wêreld uit weg na die troon van God die Vader. Die dissipels het dit gesien gebeur. Markus beskryf dit so (16:19):

Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God. (Markus 16:19 AFR53)

Lukas beskryf ook hierdie geskiedenis en dan verwys hy na wat Dawid gesê het in Psalm 110. Dit is dus baie duidelik dat die Here met Psalm 110 die hemelvaart van die Here Jesus voorspel het.

Ons het nog verwysings na Jesus se koningskap in die hiernamaals. 'n Voorbeeld daarvan is wat met Stéfanus gebeur het. Hy was die eerste martelaar in die kerk.

- Die oomblik toe hy sterf, kry hy die genade dat hy kan sien wat in die hemele gebeur.
- Daar staan geskryf dat hy die heerlijkheid van God gesien het, en Jesus Christus aan die regterhand van God.

Jesus het opgevaar na die hemel om daarmee sy Goddelike mag te openbaar, en sodat die gemeentes kan weet dat Hy hulle met hierdie almagtige krag sal en kan bewaar.

- Hulle saligheid staan vas in die hemelvaart van Jesus Christus.

Nou kan u miskien redeneer dat dit nie nodig was (of is) dat hierdie dinge so spesifiek beskryf en bely word nie, want ons weet mos almal dat Jesus God self is.

- Nee, so maklik is dit nie, want die kerk is geroep om getuienis te lewer.
- Ons het hierdie profesie en sy vervulling nodig sodat ons kan glo.
 - Sonder die bewys van die Here se hemelvaart en sonder die getuienis dat Hy aan die regterhand van God is, kon ons geloof moontlik sy krag verloor.
 - Dan sou kettery nog makliker tot stand gekom het deur die mense wat al klaar die Here Jesus se Godheid bestry.

Ons kan uit die Bybel duidelik sien dat die Here sy raad aan ons openbaar, sodat dit ons geloof kan versterk, en ons kan weet dat ons onder die bewaring en heerskappy van Jesus Christus is.

2. **Wat beteken: sit aan die regterhand van God die Vader?**

Die *hemelvaart* van die Here Jesus en die *plek inneem* aan die regterhand van God die Vader is 'n daad waarin Jesus verhoog word. Daarom is dit goed dat ons met groter noukeurigheid gaan ondersoek instel na die betekenis van hierdie gebeurtenis.

- Dit was van baie vroeg af die hoogste eerbetoon wat 'n hooggeplaaste persoon iemand anders kon aandoen as hy die persoon aan sy regterhand laat sit het.
- 'n Voorbeeld hiervan kry ons in 1 Konings 2:19 waar Bátseba Salomo gaan spreek het oor Adonia.
 - Die koning het, nadat hy haar gegroet het, vir haar 'n stoel aan sy regterhand laat

- neersit.
- Dit was nie die normale gebruik dat enige persoon wat die koning gaan spreek het, aan sy regterkant gaan sit het nie, daarom verhaal die Bybel hierdie gebeurtenis as 'n uitsondering.
- In die Nuwe Testament kry ons die geval waar Salome vir die Here gaan vra het dat haar twee seuns die een aan sy regterkant en die ander een aan sy linkerkant moet sit. (Matteus 20:21)

Die regterhand is natuurlik ook 'n teken van liefde.

- Ons het so 'n voorbeeld in Matteus 25:33 waar die Here Jesus sê dat Hy met die laaste oordeel die skape aan sy regterhand gaan bymekaarmaak, en die bokke aan sy linkerhand.
 - Die skape aan sy regterhand is die uitverkorenes wat die ewige lewe ingaan, en die bokke aan sy linkerhand is die wat hel toe gaan.

Versorging en onderhoud word ook deur die beeld van die regterhand uitgebeeld.

- Psalm 16:11 stel dit treffend dat ons van die Here versadiging en vreugde ontvang, en dat dit uit sy regterhand ons toekom!

Die regterhand is in die Bybel ook die simbool van krag, omdat die meeste mense regs is en sy regterhand dus sterker as die linkerhand.

- Let daarop dat die Bybel soms sê dat Christus aan die regterhand van God is, byvoorbeeld Romeine 8:34:

Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.
(Romeine 8:34 AFR53)

- Die betekenis daarvan dat **Jesus aan die regterhand van God is**, beteken dat Hy as deel van die Drie-Eenheid oor die kerk en die wêreld regeer.
- Op ander plekke weer staan daar dat die Here Jesus op sy troon **sit**.

En Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel.
(Matteus 19:28 AFR53)

- En op ander plekke, byvoorbeeld Handeling 7:56, lees ons dat die Here Jesus aan die regterhand van God **staan**.

Daarom is die beeld van die regterhand in die Bybel ook beeld van God se mag.

- In die geval van die Here Jesus het dit ook 'n simboliese betekenis omdat dit openbaar dat God en Christus Eenswesens is.
- God self regeer deur Jesus Christus oor alles en almal. Dit is die betekenis daarvan dat Jesus aan die regterhand van God gaan **sit** het.
- Daarmee word Hy aan die Vader gelyk omdat Hy die eer en die gesag van die Vader deel.

Die feit dat die Here openbaar dat Jesus Christus aan sy regterhand plek inneem,

- is 'n troos vir die gelowiges omdat hulle weet dat daardie sterk Hand hulle gaan beskerm,

- maar terselfdertyd is dit 'n dreigement vir die ongelowiges omdat daardie selfde Regterhand hulle in die hel gaan gooi.

*Die Here Jesus Christus het dus al hierdie mag, want op die dag van sy verhoor het Hy gesê dat hulle almal van daardie dag af die Seun van God sal sien **sit** aan die regterhand van God se krag, en dat hulle Hom ook sal sien kom met die wolke (Markus 14:62; Lukas 22:69; Handeling 7:56).*

Ons bely tog dat as Jesus die dag op die wolke kom, Hy kom om te oordeel oor die lewendes en die dooies. Dit is presies wat bedoel word met die woorde dat Jesus aan die regterhand van God **sit**:

- Dit beteken dat Jesus die Regter is.
- Dit is elke keer sy regterlike mag wat so uitgebeeld word, want wanneer 'n koning op sy troon sit, spreek hy reg oor 'n saak. Dink aan Spreuke 20:8 wat sê:

'n Koning wat op die regterstoel sit, wan met sy oë alles uit wat sleg is.

of Jesaja 16:5:

En deur goedgunstigheid is 'n troon opgerig, en daarop sit een in getrouheid ... 'n Regter wat die reg soek, en gou is in geregtigheid.

Hierdie gedeeltes in die Ou Testament voorspel Jesus al as die Regter wat in die finale oordeel oor reg en onreg gaan oordeel.

Die verhoging van die Here Jesus en sy mag om te kan regeer, word geteken daarin dat Hy aan die regterhand van God **staan**.

- Hy staan aan die hoof van alle regering. Hy staan sodat Hy bo-oor die kwaad kan troon. **Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.** (Psalm 110:1 AFR53)
- Hy is dus inderdaad so magtig dat Hy sy kerk kan bewaar teen die swaarste beproewinge en aanslae van die duiwel.

U kan dus gerus wees, want u het 'n Goddelike Koning wat u versorg, en u lewe beplan.

Hierdie Priester-Koning gaan weer op die wolke verskyn, net soos die dag toe Hy weggevaar het uit hierdie wêreld.

- Die dag van sy wederkoms gaan Hy die regverdiges onder die onregverdiges uit verwyder, en ons sal Hom tegemoetgaan in die lug.
- Dan gaan Hy dat ons die nuwe hemel en die nuwe aarde betrek, terwyl Hy die kwaad vir ewig uit die weg ruim. (1 Tessalonisense 4:17vv).

'n Groter troos as dit sal mens moeilik vir iemand anders kan aanbied.

U sien almal hoe lyk die gees van ons wêreld, en die gees van die mense wat in hierdie wêreld leef.

- Alles staan skeef en siek, maar daar kom 'n dag wanneer al hierdie dinge gaan end kry – die vloek van die sondeval gaan finaal opgehef word wanneer die verhoogde Christus op

die wolke verskyn.

- Daarom moet ons steeds bly glo dat Jesus opgevaar het na die hemel toe, en dat Hy sit aan die regterhand van God die almagtige Vader.
- Hierdie deel van ons belydenis is die krag van ons geloof vir die toekoms. Die krag van God self omdat dit sy genade aan ons openbaar.
- Dit openbaar ook die liefde wat Hy vir ons gee, totdat Hy ons soos sy kudde aan sy regterhand vergader tot in ewigheid.

Kom ons lees Kategismus Sondag 19 saam.

Vraag 50: Waarom word daar bygevoeg: en sit aan regterhand van God?

Antwoord: Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk (a) kan betoon, deur wie die Vader alles regeer (b).

(a) Ef 1:20-23; Kol 1:18. (b) Matt 28:18; Joh 5:22.

Vraag 51: Watter nut bring hierdie heerlijkheid van ons Hoof Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort (a). Ten tweede dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar (b).

(a) Hand 2:33; Ef 4:8. (b) Ps 2:9; 110:1, 2; Joh 10:28; Ef 4:8.

Vraag 52: Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel?

Antwoord: Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne verwagting as Regter uit die hemel verwag (a) wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het. Verder: dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp (b), maar my, saam met al die uitverkorenes, na Hom in die hemelse blydschap en heerlijkheid saamneem (c).

(a) Fil 3:20; Luk 21:28; Rom 8:23; Tit 2:13; 1 Tess 4:16. (b) Matt 25:41; 2 Tess 1:6. (c) Matt 25:34; 2 Tess 1:7.

Amen.

Gebed

Psalm 68:13 (p. 336)

- 13 Ons prys U, HEER, in sang en lied. / U het u sterkte ons gebied / toe 't nag was, lank gelede;
U het gehoor na ons gebed, / U het ons roemryk uitgered – / o hoor nou weer ons bede!
Dan pas die vorste tot u eer / en om u huis ontwil, o HEER, / eerbiedig op u wenke.
Hul sal U dan van alle kant, / selfs uit die allerverste land, / vereer met hul geskenke.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees gaan met u almal

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant

Gereformeerde Kerk Clanwilliam

Datum: 2 Oktober 2005. Oorgepreek (1999) in Bellville op ?? Sal op my werkrekenaar gaan kyk of ek hom daar kan opspoor vir die datum
Datum: 17 Junie 2012 Clwm